

**Dinsdag 14 Junie**

**Skrifgedeelte: 1 Timoteus 1:3-20 (AFR2020)**

**Fokusgedeelte: 1 Timoteus 1:3, 18, 19**

**God se Woord dring ons tot volharding**

Timoteus kry in vers 3 opdrag om dwalinge in Efese te bestry. Vers 4-11 beskryf dat hierdie dwalinge daaroor gaan dat mens se verlossing bepaal word deur sake soos jou herkoms (geslagsregisters), kulturele gebruike, stiptelike onderhouding van die wet, ensovoorts. Paulus beskryf dan in vers 12-17 dat verlossing verkry word deur Christus alleen, uit genade alleen, deur geloof alleen, soos verkondig vanuit God se Woord alleen, tot eer van God alleen!

In vers 18-19a sê hy dan hoe Timoteus dit kan regkry om hierdie opdrag met volharding uit te voer: deur die krag van die Heilige Gees wat God deur sy Woord in hom werk. Die opdrag wat Timoteus ontvang het, is nie 'n maklike taak nie. Dis 'n oorlogstryd met verskeie moeilike uitdagings wat Timoteus sou kan laat val in sy geloof. Maar die opdrag kom nie bloot van Paulus af nie. Dit kom van God self af. En omdat die opdragte deur die geïnspireerde Woord van God (profesieë) na hom kom, kan Timoteus weet dat die Heilige Gees hom dan ook inspireer en in staat sal stel om hierdie moeilike, maar goeie taak met volharding uit te voer.

God self gee aan elke gelowige die opdrag om sy Woord te leef én suiwer aan ander oor te dra (ooreenkomstig die vermoëns wat God vir ons gee). Ook ons kan dit slegs regkry omdat dit God se geïnspireerde Woord (profesieë) is wat ons hierdie opdragte gee en omdat die Heilige Gees ons daardeur inspireer en in staat stel om hierdie moeilike, maar goeie taak met volharding uit te voer.

*Sing: Psalm 119-1:11, 39*

*Ds. J Dunn (Johan) (Keetmanshoop/Mariental)*